



# BRAUNVIEH SA

Posbus/PO Box 7864 • Bloemfontein 9300 • Suid-Afrika/South Africa  
Tel/Fax: 051 430 4352

15 Desember 2008

## Geagte Braunvieh beesboer,

Die jaar 2008 sal seker onthou word as een van die moeilikste jare in die wêreld geskiedenis. Nie alleen het die olieprys tot sy hoogste vlak ooit gestyg nie maar het dit in die kwessie van enkele maande weer tot sy laagste vlak gedaal die afgelope dekade. Kunsmispryse het netso vinnig gestyg en graanverbouing op risiko geplaas, maar gladnie so vinnig soos die olieprys gedaal nie. Die ekonomie het geweldige eise gestel en derduisende mense het alles verloor wat hulle gehad het. Die wêreld ekonomie is seker die swakste wat dit in jare was en die motorbedryf staan 'n ineenstorting in die gesig. Die voerkraalbedryf het vanjaar moes spook om te oorleef weens hoë graan pryse hoewel beespryse gladnie in die algemeen die vuurwerke gelewer het as die olieprys nie maar gelukkig het dit ook nie so ineengestort soos die olieprys nie. Een verkeerde besluit kan 'n rampspoedige impak op 'n bedryf, 'n maatskappy hê met vernietigende gevolge. Zimbabwe staan op die vooraand van 'n nuwe era waar Mogabe waarskynlik vir altyd van die toneel gaan verdwyn terwyl ons eie land 'n dinamiese politieke fase beleef wat baie laat wonder wat hou die nuwe jaar vir ons in. In hierdie wêreld van tsunamies wat ons bykans op elke lewensterrein beleef is daar slegs EEN in beheer wat die gang van alles, wêreldwyd bepaal.

Mag God elke Braunviehteler se krag en inspirasie wees om elke krisis in geleentheid te omskep en van elke verleentheid 'n geleentheid te maak om Sy naam net groter te maak oor die ganse aarde. Mag u Sy vrede met Kersfees ervaar en mag elke gesin elke dag Sy liefde in jou hart voel en uitleef.

Hoewel dit baie kol-kol reën is my wens dat u almal 'n goeie reënseisoen sal hê en dat julle beeste voortrefflik gaan presteer die nuwe jaar. Mag julle almal in 2009 die HERE se seën ervaar met alles wat julle doen en mag julle almal 'n positiewe verskil maak in die lewens van almal met wie julle in verbinding kom.

Ons Braunvieh raad het seker vanjaar die meeste besluite geneem in een jaar as wat daar nog ooit in die verlede geneem was en hoop ons dat elke besluit die beste belang van elke lid op die hart gehad het.

## KANTOORSAKE

Tannie Minnie het bedank en ons raad moes 'n nuwe pad kies vir die genootskap. Die kans om weer 'n Tannie Minnie te kry vir dit wat sy vir ons gedoen het, het nie moontlik geblyk te wees nie. Om iemand anders aan te stel wat nie haar ervaring het nie maar driekeer meer maandeliks wil ontvang, sal die las op die genootskap te swaar maak. Die raad het na deeglike oorweging besluit om vir 'n goedkoper prys op die sekretariële kundigheid van die dienste van Stamboek staat te maak. Tannie Minnie sal nog tot 16 Januarie beskikbaar wees hoewel ons reeds die oorgang na die sekretariaatsdienste van Stamboek in werking gestel het.

## NUWE REËLINGS MET KANTOOR

Die Sekretariaat by Stamboek gaan voortaan ons administrasie behartig. Die Bestuurder is Chris Els. U skakel Stamboek by telefoonnommer: 051-410 0900 en vra vir Chris Els. Sy Selnommer is: 083 457 5775.

Die dame wat met die Braunvieh gaan werk is Liezel van Heerden en haar kantoonommer is Tel: 051-410 0950 en die nuwe faksnommer is: 051-448 4220.

Ons word nou direkte handeling wat beteken dat alle dokumente en korrespondensie wat verband hou met die notering van geboortes, kansellasië van diere, en oordrag van diere na nuwe eienaars, na S.A. Stamboek moet gepos word. Die adres is **Posbus 270, Bloemfontein, 9300**. Kontakpersoon: **Hanley Fourie Tel: 051-4100900**.

Alle ander korrespondensie i.v.m. registrasie navrae, die betaling van rekeninge, aansoeke vir inspeksies ens, moet nog steeds na **Posbus 7864, Bloemfontein, 9300**, gestuur word.

Die e-pos adres van Liesel van Heerden is: [liezel@studbook.co.za](mailto:liezel@studbook.co.za) of [chris@studbook.co.za](mailto:chris@studbook.co.za). Ons bestaande eposadres van Braunvieh bly steeds: [info@braunviehsa.co.za](mailto:info@braunviehsa.co.za) en ons webadres bly steeds: <http://www.braunviehsa.co.za/>

Tannie Minnie sal nog op haar ou nommer **051-4304352** beskikbaar wees tot 19 Desember 2008 en van Januarie 2009 totdat sy ophou met werk by haar huis by nommer **051-5227289**. Sy verhuis dan na Pretoria waar sy gaan bly naby haar kinders.

**Volgende jaar 29 April tot 1 Mei 2009 vind ons Nasionale kampioenskappe op Vryburg plaas.** Ons bure en mede telers uit Namibië bring ook beeste en ons doen 'n beroep op elke Braunviehteler in die RSA om volgende jaar ten minste een bees op die skou te kom vertoon.

## **BOEREDAE**

Op **Saterdag 24 Januarie 2009 om 09:00** bied Cois Harman 'n boeredag aan vir Braunviehtelers op sy plaas in die Marico Bosveld waartydens lede 'n demonstrasie gaan kry hoe diere vir die skou voorberei moet word, waarna om op te let, hoe die diere voorberei moet word en wat alles in ag geneem moet word voor en tydens die skou. Daar gaan ook weer indringend gekyk word na die nuwe evalueringsmodel waarmee van die telers hulle besig hou en watter rol dit kan speel om die ras te bevorder.

Op **Dinsdag 10 Februarie 2009 om 09:00** word 'n boeredag vir die Braunviehtelers aangebied op die plaas van Pieter De Villiers waartydens 'n Skou-inligtingsdag aangebied word wat ook Pieter en oom Piet se jaarlikse veiling sal voorafgaan.

## **JOERNAAL**

Die raad het besluit om die advertensietariewe van die Joernaal aan te pas tot die volgende tariewe vir die uitgawe:

- 1. R2 500-00 vir 'n volblad en R1 500-00 vir 'n halfblad.**
- 2. Die binne voorblad en binne agter blad asook die twee bladsye in die middel van die joernaal beloop R3 000-00**
- 3. Die agterblad kos R3 500-00.**
- 4. LW: U moet BTW by die bedrag voeg wat u op besluit.**

Ek gaan met u telefonies skakel in die volgende week om u advertensie te bespreek en finale reëlings te tref. As daar enige iets is wat u graag oor die ras en die besluite van die raad oor wil praat, is u ook baie welkom. U kan met my korrespondeer per epos by: [coishar@gds.co.za](mailto:coishar@gds.co.za). Ek is telefonies beskikbaar by **sel: 083 265 6210** of **tel/faks: 018-6421596**.

Ons ontvang graag die advertensiegelde voor 15 Januarie 2009 om die joernaal te kan betaal.

Die Braunvieh beestelersgenootskap se rekening besonderhede is as volg:

Rekeningnaam: Braunvieh SA

Bank: Standerd Bank Brandwag

Rekeningnommer: 041181549


Takkode: 055534

## **RAADSBSLUITE VAN DIE VERGADERING GEHOU OP 19 NOVEMBER 2008**

Al die Braunvieh raadsbesluite wat tydens die vergadering geneem is, is hierby aangeheg.

Mag u dit elke dag geniet om met Braunvieh te boer en mag u saamspan om die ras tot nog hoër hoogtes te neem en mag ons lede in veelvoud toeneem.

**Voorspoed en sukses word u toegewens.**



**Cois Harman**  
**President Braunvieh SA**

# **RAADSBESLUIT 19 NOVEMBER 2008**

## **BESLUIT 1**

### **Embrio spoelings**

Die Raad besluit dat indien enige embrio spoelings gedoen wil word, beide die bul en koei vooraf deur die Raad goedgekeur moet word.

Die Voorsitter versoek Mnr. C. Havenga om basiese riglyne op te stel vir die minimum voorwaardes waaraan 'n bul en koei moet voldoen vir embrio spoeling. Hierdie basiese riglyne kan in die toekoms in werking gestel word waarvolgens gehandel moet word. Hierdie versoek word voorgestel deur Mnr. Pieter de Villiers gesekondeer deur Mnr. K. Bezuidenhout. Die raad sal die besluit tydens die volgende vergadering bespreek en bekragtig.

## **BESLUIT 2**

### **AGTERGROND**

Die raadslede is drie weke voor die vergadering deur die voorsitter geskakel en ingelig oor die bedanking van mev. Janse van Rensburg en versoek om aan 'n oplossing aandag te gee sodat daar tydens die vergadering 'n besluit geneem kan word.

## **BESLUIT**

Na vele bespreking word voorgestel dat die Genootskap na die Sekretariaat oorgaan vanaf 1 Desember 2008 met die versoek dat Mev. Van Rensburg aanbly in die oorgangsfase tot en met 31 Desember 2008 om met die oorgang te help. 'n Vergunning sal van Stamboek gevra word dat Mev. Van Rensburg tot en met 16 Januarie 2009 in die kantoor kan aanbly, sonder enige verdere kostes, om sodoende die laaste afrondingswerk te kan doen.

Voorgestel deur Mnr. K. Bezuidenhout en gesekondeer deur Mnr. Pieter de Villiers.

Die Voorstel word deur die Raad aanvaar.

Mnr. Piet de Villiers versoek dat dit genotuleer word dat hy die voorstel teëstaan.

Die Voorsitter vra dat die prosedure met tekening van tjeks duidelik uitgespel moet word, nl. dat niks geteken mag word sonder die Voorsitter se toestemming nie. Die Voorsitter sal verantwoordelik wees om betalings te magtig.

Die Raad magtig Mnr. J. Havenga om tjeks te teken, 'n vorm ter bewys van betaling sal aan die Voorsitter gestuur word vir goedkeuring.

## **BESLUIT 3**

Die Raad besluit dat daar 'n kontantbedrag aan Mev. M. van Rensburg as afskeidsgeskenk gegee sal word.

## **BESLUIT 4**

Die Raad besluit dat die per kapita fooi van R45 per dier nie verhoog word vir 2009 nie.

## **BESLUIT 5**

### **Reiskoste vir G F Naude – Spesiale vergadering 9 Julie**

Aangesien Mnr. G. Naude deur die Raad ontbied is na die vergadering besluit Die Raad op voorstel van Mnr. J. Havenga gesekondeer deur Mnr. Pieter de Villiers om Mnr. Naude dieselfde tarief te vergoed as wat die Raadslede ontvang vir 'n Raadsvergadering

## **BESLUIT 6**

### **AGTERGROND**

Mnr. K. Bezuidenhout het 'n kwotasie bekom vir hemde met die Genootskap se embleem teen R180 per hemp. Hy noem ook dat ons t-hemde vir die touleiers kan maak teen R36 per t-hemp, dit kan tydens die beoordeling by die Nasionale Kampioenskappe gedra word.

## **BESLUIT**

Mnr. Piet de Villiers stel voor dat die Raadslede elk 3 hemde met die Braunvies logo neem en dit aan die persone in hul omgewing verkoop, sodoende maak ons dit sigbaar aan ander persone - algemeen aanvaar deur die Raad.

#### **BESLUIT 7**

Die Raad besluit dat die drag van die touleiers vir die Nasionale Kampioenskappe as volg sal wees: Blou oorpak broek, swart waterskoene, geel t-hemp met blou kraag en Geel pet.

#### **BESLUIT 8**

Die Raad besluit om die vorige besluit deur die Raad geneem, nl. dat 3 Senior Beoordelaars by die Nasionale Kampioenskappe aangewys word, te bekragtig.

#### **BESLUIT 9**

Mnr. B. Coetzer beveel aan dat Mnr. C. Havenga as Senior Beoordelaar bevorder word – algemeen aanvaar deur die Raad.

#### **BESLUIT 10**

Die volgende persone, wie die Beoordelaarskonferensie bygewoon het, se name sal aan die vertoners deurgegee word om persone te nomineer wie as Beoordelaars tydens die Nasionale Kampioenskappe sal optree. Hulle is: Mnr. Willem Pretorius, Schalk Erlank, Gawie Naude, John Havenga, Bennie Coetzer en Christopher Havenga.

Sodra lede ingeskryf het vir die Vryburgskou sal hulle die geleentheid kry om die beoordelaars vir die nasionale kampioenskappe te nomineer.

#### **BESLUIT 11**

##### **Ringgidse**

Die Raad beveel aan dat 1 ringgids binne die ring en 2 persone buite die ring aangewys word vir die Nasionale Kampioenskappe.

Die Raad besluit om Mnr. Pieter Erasmus te nader om as ringgids, binne die ring, op te tree.

#### **BESLUIT 12**

##### **Inspeksie Veilingsdiere**

Mnr. Piet de Villiers stel voor dat diere die dag voor beoordeling op die skou deur die 3 keurders van die Genootskap, gekeur moet word. Indien 'n dier afgekeur word vir die veiling, mag so 'n dier nie verkoop word nie. Dragtigheid- en Vrugbaarheidsertifikate moet ook getoon word. Dragtigheid van 3 maande of meer sal aanvaar word. Algemeen aanvaar deur die Raad.

#### **BESLUIT 13**

Die Raad besluit dat elke stoetery, teen 'n bedrag van R1 000, Twee naamborde kan vertoon, een in die ring en een by die tent. Die koste van die naamborde word ook deur die stoetery self gedra. Die stoeternaam en telefoonnommers, epos/web sal op die bord aangebring word. Die voorstel is dat die borde dieselfde grootte moet wees en verkieslik deur een instansie gemaak word. Mnr. Pieter de Villiers word deur die Raad aangewys om hierdie projek te koördineer.

#### **BESLUIT 14**

Die Raad besluit dat die Jaarvergadering slegs vir die SA lede sal wees, die Namibië telers sal nie genooi word nie. Die Raad besluit dat die Algemene Jaarvergadering op 29 April 2009 om 16:00 sal plaasvind, die lokaal sal later bekendgemaak word.

Die gedagte is om die lede geleentheid te gee om hulle huishoudelike sake te hanteer en na die vergadering met die vriende uit Namibië te kuier.

#### **BESLUIT 15**

**Prysuitdeling: Kaas en Wyn Donderdag 30 April 2009**